SUPER 12 LAERSKOLE / PRIMARY SCHOOLS

SUPER 12 JAARVERSLAG 2015

Aktiwiteit: **SUPER 12 L/S ALGEMENE KENNIS 22-08-15**

Dit was die negende kompetisie van sy soort en oor die algemeen was die terugvoering, met enkele aanbevelings, positief.

Deelnemers: 17 Super 12-laerskole se x2 Graad 7 – leerlinge asook reserwes
51 flinkdinkers

Gaste: Ouers van deelnemers, Skole-organiseerders en skoolhoofde.
Gasheerskool: L/S Hennopspark Pretoria

Datum: Saterdag 22 Augustus 2015 07:00 tot 14:00

Formaat van Kompetisie:12 Rondtes Skriftelike, Snelvuurvrae en Meerkeusevrae

Sub-komitee: Voorsitter Me Raemey van Niekerk Ls Constantiapark
Vise-Voorsitter Me Annette Hoon Laerskool Vastrap
Sekretaresse: Me Antoinette Leeuwner-Gründlingh
Laerskool Stephanus Roos

Wenners: 1. Ls Hennopspark 1. Ls Mooirivier 1. Ls Stephanus Roos

Vraagstellers: x2 Dr Louis Dey en Me Anita Levinson

Borgskappe: Ls Constantiapark Ls Vastrap Ls Hennopsspark Ls Stephanus Roos
Super 12 Beheerraad

R. van Niekerk **Organiseerder**

VERSLAG OOR TUKS SUPER 12 LAERSKOLE SPORT- EN KULTUURKOMPETISIE: ALGEMENE KENNIS

Saterdag, 22 Augustus 2015, te Laerskool Hennopspark, het die negende Algemene Kenniskompetisie plaasgevind. Die Hennopsparkers het hul uitstekend van hul taak gekwyt om die tema "Musiek" sigbaar te maak. Almal is gasvry ontvang met 'n heerlike ligte ontbyt. Die tuisgemaakte middagete was onverbeterlik en die verrigtinge het seepglad verloop!

Ons het hierdie jaar 'n eerste gehad! Ons skriftelike rondte is per rekenaars afgelê in drie sessies! Dit is 'n groot sukses! Daarna het die top nege skoolspanne in die Skoolsaal meegeding en die ander agt in die Graad R-saal. Die top 10 skole is gekies; toe die top 6 skole en uiteindelik het die top ses indiwiduele flinkdinkers se vingers op die toetertjies die praatwerk gedoen. Die flinkdink-wenspanne het met blink oë en breë glimlagte hul trofeë, boekpryse, geskenkies, sertifikate en medaljes ontvang.

VERVOLGENS DIE SKOLESTAND – Geluk aan die drie wenskole!

1 Hennopspark
1 Mooirivier
1 Stephanus Roos
4 Wierdapark
5 Saamtrek
6 Constantiapark
7 Goedehoop
8 Elarduspark
9 Vastrap
10 Florida
11 Menlopark
12 Rustenburg
13 Pietersburg-Oos
14 Kenmare
15 Randhart
16 Middelburg
17 JJ van der Merwe

Laerskool Saamtrek het hierdie jaar weer deelgeneem.
Laerskole Kruinsig, Orion en Pietersburg het aangedui hul wil weer in 2016 begin deelneem.
Vraestelle vir 2016: Ek Weet 17 van 2015 tot en met Ek Weet 19 van 2016.

Gasheerskool vir 2016: Laerskool Stephanus Roos. Baie dankie by voorbaat!

Baie dankie vir almal se samewerking en die genotvolle funksie!
Ons maak volgende jaar weer so!

Raemey van Niekerk *Organiseerder*

Prinsipaal: Mnr At Oosthuizen **Organiseerder:** Me Raemey van Niekerk